# Gedigte vir die Paassiklus

## Paassondag

Langs die graf het het twee figure, wit geklee,
eerste woorde aan dié boodskap gegee:
"Hy het opgestaan. Hy het waarlik opgestaan."

Die vroue, oorbluf deur die leë graf,
het met dié tyding na Petrus gedraf:
"Hy het opgestaan. Hy het waarlik opgestaan."

Deur die hele streek het mense geluister
na hierdie gerug, bakhand gefluister:
"Hy het opgestaan. Hy het waarlik opgestaan."

Met sy vingers op die verwonde sy
het ook Thomas, die twyfelaar, bely:
"Hy het opgestaan. Hy het waarlik opgestaan."

Op Pinkster het Petrus vir die massas gesê
dat hiérin redding vir die wêreld lê:
"Hy het opgestaan. Hy het waarlik opgestaan."

In Tarsus, in Rome, op markplein en in sel
het Paulus vir almal dié nuus vertel:
"Hy het opgestaan. Hy het waarlik opgestaan."

Twintig eeue lank dra die kerk dié boodskap oor,
en vandag laat ons die wêreld weer hoor:
"Hy het opgestaan. Hy het waarlik opgestaan."

*- Neels Jackson*

# Grafpoort

graf in die rotswand uitgekap
dra jy die liggaam van my heer
grafsteen styf teen die graf gerol
bewaak jy die liggaam van my verlosser
dood is dit dan nou jou angel
het jy die lewe nou beëindig
wag ’n bietjie
hoor daar die magtige dreuning
die skepping tree in
die aarde bewe
die skynbaar onmoontlike gebeur
’n engel verskyn
wat geen mens kan doen nie
vermag hy met goddelike krag
grafsteen jou mag is verbreek
jy word uit die pad gerol
Jesus is uit die graf
hy het waarlik opgestaan
hy leef
dood waar is nou jou angel
dood waar is nou jou oorwinning
Jesus het jou verslaan
Jesus is nou die oorwinnaar
graf wat het nou van jou geword
jy kan geen liggaam meer hou nie
nee jy is nie meer die einde nie
Jesus het jou karakter vir altyd verander
ek vrees jou nie meer
graf jy is nou my oop poort na die hemel

*- André Smuts*

# Die kruis

Vrydag is dit die einde van die pad,
’n doodloopstraat,
’n toe deur,
gegrendel en gesluit.

Maar Sondag word dit ’n venster
wat oopswaai
en uitkyk op ’n nuwe dag.

*- Neels Jackson*

# Emausvers

die pad word lank as die gemoed donker is
met 'n hart swaar soos koue klip
is dit heelpad opdraend emaus toe

dan kom die vreemdeling
hy stap saam
hy gesels
in sy praat los die swaar en die donker op
die pad word gelyk
voor jy jou kan kry is julle daar
en al is dit aand
is alles skielik ligter

dis as hy die brood breek
dat jy hom herken
en weet:
alles is nou anders

en dít kan jy nie vir jouself hou nie

*- Neels Jackson*

# Voordat Hy weg is

Voordat Hy weg is,
Hy wat dood in die graf gelê is,
Hy wat in ’n Godswonder weer tussen ons gestaan het,
Hy wat met mondhoeke wat net wou glimlag,
vir Thomas genooi het:
“Kom voel waar die spies en die spykers in is …”
Voordat Hy weg is,
het Hy oor ons geblaas,
gesê ons moet die Gees ontvang.

Op ’n dag verdwyn Hy in ’n wolk.

Om dáárvan sin te maak, het tyd gevat.
Maar ons het onthou:
Daar was die trek deur die woestyn,
God-in-’n-wolk
wat bý ons moeders en vaders was.
Ons het onthou hoe Hy oor ons geblaas het.
Sy Gees was dáár.
Ons het geweet: al is Hy weg, is Hy bý ons,
is Hy nader aan ons as ons asem.
Ons het nie weer alleen gevoel nie.

*- Neels Jackson*

o Gees van Vader en van Seun
kan die oseaan in ’n koppie instroom?
kan heiligheid tuis wees in selfsug
hoe kan U dan in my klein kleinlikheid kom bly?
is dit u selfontlediging, soos Jesus?
verlaat U u goddelike troon om die gestalte van ’n slaaf aan te neem?
en ek? - kom U om my te omvorm om soos U te wees?

*- Willem Nicol*

# Saamwees

geel en bruin en rooi lê die blare bymekaar
waar het die herfswind hulle gekry
onder watter bome het hy hulle uitgehark
om dit hier saam te gooi
in dié nuwe harmonie
van ’n vrolike warm kleurespel

byna soos daardie eerste gemeente
daardie mengelmoes van mense
wat deur die Gees bymekaar gewaai is
wat die saamwees gekoester het
met omgee vir mekaar
wat die bymekaarwees só geniet het
dat meer en meer mense wat dit gesien het
wou deel word word van hierdie nuwe harmonie
van saamwees

*- Neels Jackson*